

Bartolomeusnag:

Wanneer geloof deur geweld bedreig word

In die geskiedenis van die Christendom is daar donker hoofstukke wat ons nie mag vergeet nie. Een daarvan is Bartolomeusnag, wat in die nag van 23–24 Augustus 1572 in Parys begin het.

Frankryk was destyds diep verdeeld tussen die Rooms-Katolieke meerderheid en die Protestantse Hugenote. Te midde van hierdie godsdienstige spanning is 'n huwelik tussen die Protestantse Hendrik van Navarra en en die katolieke Margareta van Valois gereël, in die hoop om versoening te bevorder. Talle Protestantse leiers het vir die troue na Parys gekom.

Die vrede was egter van korte duur. Ná 'n aanslag op admiraal Gaspard de Coligny, 'n invloedryke Hugenoteleier, het geweld uitgebreek. Op Bartolomeusnag is Coligny vermoor, waarna 'n bloedbad op Protestantse gelowiges in Parys gevolg het. Die geweld het daarna na ander dele van Frankryk versprei. Duisende Hugenote is doodgemaak.

Hierdie tragiese gebeurtenis herinner ons daaraan hoe gevaarlik dit word wanneer mense godsdiens gebruik om haat, wraak en geweld te regverdig. Geloof wat deur dwang en bloedvergieting afgedwing word, weerspieël nie die liefde van Christus nie.

Die Protestantse Hervorming het mense teruggeroep na die gesag van die Woord van God en die verlossing wat alleen deur Christus kom. Bartolomeusnag herinner ons dat hervorming nie net oor kerklike leerstellings gaan nie, maar ook oor die gesindheid van ons harte.

Mag ons nooit vergeet dat Christus ons roep om selfs ons vyande lief te hê nie (Matteus 5:44). Ware geloof lei nie tot vervolging nie, maar tot waarheid, genade, vrede en liefde.

Waar geloof haat voortbring, is daar 'n dringende behoefte aan hervorming.

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYDE

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**

Kantoorure: **Ma-Do 08:15 - 13:00**

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton

Inhandiging van Kommunikatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad gkcenturion.co.za of ons internetskakel stroom.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

KATKISASIE: Vandag: Les 23, Ps 65-1:1 Volgende week: Les 24, Ps 146-1:1,3

KLEUTERKLAS: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
(Janneke Wessels – 071 898 5900)

Dienspersoneel

Datum	Wyk	Ouderling	Afkondigings	Diaken	Klank	Projektor	Video Uitsending
25-Oct	B10	Andries Zeevaart	Jan Nel	Lourette v/d Berg	Hein Kaiser	Eric Guldemon	Gert Reinecke
01-Nov	B11	Bennie Kotzé	Jan Erasmus	Morkel Jool	Ronell Hoogenboezem	Nicolai vd Merwe	Johan Hoogenboezem

KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens)



Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **EVK-projekte** (by die deure)



Volgende week: **Kerkkas**

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

Verjaarsdae

Belydende lidmate

25 Okt.	Alta	Jv Rensburg	C03	0656422347
	Heleen	Jv Vuuren	B09	0837119263
	Karin	Myburgh	A04	0824524952
	Maarten	van Helden	C15	0721431855
27 Okt.	Wilmi	Erasmus	A11	0788586263
	Jakes	vd Merwe	A14	0620150635
28 Okt.	Hannes	Pieters	C07	0828289701
	Tinus	Potgieter	B01	0829022841
	Cathy	Smit	C15	0833763912
	Johan	vd Walt	C11	0825775993
29 Okt.	Gerrie	Kruger	B17	0825768837
	Petra	Sullivan	C04	0828222321
	Braam	van Tonder	A17	0835615992
30 Okt.	Gerda	du Plessis	B04	0828591257
	Hercules	du Plessis	B10	0823376837
	Johan	Loock	B12	0823317277
	Rika	Raubenheimer	C13	0672770842
31 Okt.	Riaan	Fouché	A13	0662883630
	Karen	Rebel	A01	0846100170
	Jacques	Stephens	C10	0605265285

Dooplidmate

25 Okt.	Cara	Brits	B15	0827821416
26 Okt.	Adriaan	Jacobs	C14	0823258834
	Chanel	v Niekerk	A09	0814546588
30 Okt.	Joshua	Barnard	B11	0716836127
	Miané	Barnard	B11	0716836127
	Ruben	Barnard	B11	0716836127
31 Okt.	Janél	Breed	A08	0798834776

Ons gee om vir Mekaar

“...God ontferm Hom oor ons.” Ps. 116:5

- Dit gaan nie goed met Ellie Klöckner se gesondheid nie (E1 – 0829287802).
- Anitha Kroep sterk aan in die hospitaal (C14 – 0126635325).
- Dit gaan nie goed met Christine Lourens (oud-lidmaat, moeder van Leon Lourens) se gesondheid nie.
- *Meelewing* word betuig met Koos en Rika Pretorius na die afsterwe van Rika se Moeder.

Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Beroepe ontvang

Prof AJ (Albert) Coetsee van die Teologiese Skool Potchefstroom na GK Centurion as medeleraar.

Alethea Outreach 11:00

Like us on facebook:

[https://www.facebook.com/](https://www.facebook.com/aletheaministry/)

aletheaministry/

LAERSKOOL

Reformasie Herlewing

BETAAL JOU AFLAAT NOU

30 OKTOBER 2026 | **17:30** | **GEREFORMEERDE KERK CENTURION**

DIE HELE GESIN WORD UITGENOOI
om saam die Reformasie te kom herleef.

AFLAAT KOSTE IS 'N DONASIE.
Betaal by jou kategeet.

Kontak Sanmari vir meer inligting.
071 485 5995

SOLA SCRIPTURA
Die Skrif alleen

SOLA GRATIA
Die genade alleen

SOLA FIDE
Die geloof alleen

SOLUS CHRISTUS
Christus alleen

SOLI DEO GLORIA
Aan God alleen die eer

Eljada Huis
Waar die HERE sorg en voorsien!

Eljada verkoop koekies!
Volledige lys is op die kennisgewingbord.
Skakel gerus vir Petro 012 377 0503/0670846792


Bernina @ Saxby—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabriek naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

Huiskontraakteur – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; plaveisel; teëlwerk; waterlekkas; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertanks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gasteestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Verkoop u, u huis? Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Bouplanne - Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en “soos-gebou-planne” insluitend Stadsraad goedkeuringe.

Bekommerd oor rekeningkunde, ekonomie, besigheidstudies vir die komende eksamen? Ek help leerders om: Moeilike konsepte beter te verstaan; Met selfvertroue die eksamenlokaal binne te stap. 17jr Ondervinding, Carina vd Dussen 082 374 2780.



Oom Ollie se deure
(by die kerk) is vir
hierdie jaar gesluit.

Ons het ongeveer
R45 000 vir die jaar
geïen.

Dankie vir almal se
deelname.

TEESKINKBEURTE


Instruksies vir die regsit voor die diens,
skink en opruim na die erediens is in die
kombuis opgeplak.

25 Okt

Thereza Myburgh B1
Petra Terblanche B2

1 Nov

Lize Dekker B3
Louise van Niekerk B4



Die Erfenis

'n Reformasie-raaiselaand in drie bedrywe

 **Vrydag**
30 Oktober 2026 |  **17:30**

 Gereformeerde Kerk Centurion

Alle studente en Hoërskool leerders welkom

 **Aflaat: Donasie vir**
kategete en litmate.
R50 vir leerders/studente buite
Gereformeerde Kerk Centurion.

 **Kontak Pieter van der Dussen**
vir meer inligting
082 416-7188

'N BYBEL IN ELKE HAND, GODS WOORD IN ELKE HART.

Ons missie

Dit is die missie van die Bybelgenootskap van SA (BSA), om bekostigbare Bybels vir elkeen in hul hartstaal en formaat van hul keuse te verskaf, sodat almal die lewgewende boodskap van God se Woord kan ervaar.

Werkzaam

Die BSA is die primêre organisasie wat vir meer as 205 jaar vir die vertaling, publikasie en verspreiding van die Bybel in SA verantwoordelik is. Ons is 'n lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe wat in meer as 240 lande en gebiede werkzaam is.

GKSA

Daar bestaan 'n mooi en lang verhouding tussen die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) en die BSA. Die Sinode het die BSA as die GKSA se amptelike Bybelverspreidingsvennoot aanvaar, en moedig dan lidmate ook aan om ten minste een Bybel per jaar te borg teen 'n R100.

Vertalings

Ons is geseënd en bevoorreg om voort te gaan met verskeie Bybelvertaling- en hersieningsprojekte, onder andere !Xuhn; Khwedam; Khelovedu; TjiHlanganu en Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

Khelovedu word steeds in Limpopo gepraat, maar het nog nooit 'n algemeen aanvaarbare geskrewe vorm gehad nie. Die Bybel sal heel waarskynlik die eerste gepubliseerde boek in Khelovedu wees wat landswyd beskikbaar is.

Vertalings doen meer as om net die Woord te deel. Dit bewaar die taal, kultuur, identiteit en geloof vir die nageslag.

Het jy geweet?

- 'n Vertalingsprojek neem gemiddeld 12 jaar om te voltooi.
- Tale ontwikkel voortdurend en daarom is dit Bybelgenootskappe se verantwoordelikheid om te verseker dat hersienings en nuwe vertalings gereeld onderneem word om aan die veranderende behoeftes van gemeenskappe te voldoen.

Baie dankie

Baie dankie vir u positiewe gesindheid, volgehoue gebede, asook u ondersteuning om hierdie kosbare dienswerk moontlik te maak. U gemeente se bydraes deur die jare word werklik opreg waardeer.

Indien u 'n behoefte het om ook individueel by te dra kan dit op die volgende wyses geskied:

- Eenmalige bydrae
- Maandelikse / Halfjaarlikse / Jaarlikse aftrekorder
- Testament bemaking

Kontak my gerus vir verdere inligting:

Elsabé Labuschagne

Sinodale skakeldeputaat Bybel van die GKSA

& Kerklike Organiseerder Bybelgenootskap van SA

WhatsApp: 083 993 7565

e-pos: labuschagne@biblesociety.co.za

Verspreiding

Danksy die ondersteuning van ons donateurs kon ons gedurende 2025 die volgende Bybelmateriaal gratis versprei:

- 10 Braillebybels
- 4 Oudio Bybels
- 3 752 Bybels vir Dowes toepassings
- 1 603 Bybels vir armes
- 3 073 Bybels vir gevangenes
- 4 484 Bybels vir graad 7-leerders
- 5 073 Bybelgebaseerde geletterheidsmateriaal
- 296 938 Brood van die Lewe-reeks
- 4 710 Bybels, en 655 Skrifgedeeltes aan buurlande
- 1 416 962 Digitale Bybels
- 428 000 jaarlikse aktiewe gebruikers op die BibleSA webwerf

Gratis vir jou

Skep jou gratis profiel en geniet 'n eenstop-Bybelleeservaring.:

- Bybels beskikbaar in 16 tale
- Lees en vergelyk vertalings
- Bybelleesplanne
- Hulpmiddels
- Kruisverwysings



www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R545 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Des 2026. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R953. Die vaste munisipale kostes beloop tans R425. Al wat dan nog bykom is die elektrisiteitsverbruik. Aansoekvorms is by die ondergenoemde persone beskikbaar. Aansoeke word deur die bestuur van die Oord oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Gerrit Beumer 082 572 5235/ Rina Venter 071 403 4143 (Op terrein)

Aansoeke sluit 26 Oktober 2026

**Kyk watter groot liefde die
Vader aan ons bewys het:
Hy noem ons kinders van
God, en ons is dit ook.
– 1 Johannes 3:1 –**

Liturgiese Riglyne

SONDAG OGGEND 09:00

Die pelgrim se strewe!

Skriflesing:

Lukas 13
(1983)

Teksvers:

Luk 23:24

Sing:

Ps 46:1,3,6

Ps 40:4

Ps 139:1,12

Sb 15-1:1-4

Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

Op hierdie besondere dag waarop ons die groot Hervorming van die Protestante (16e eeu) herdenk, vra ons die vraag: *waar is die hervorming vandag nodig?*

Die vraagsteller in ons teksgedeelte vra eintlik 'n nommer, 'n numeriese vraag... hoeveel? Jesus is min gepla oor nommers. Hy roep tot persoonlike hervorming en bekering. Waar is jy?

Die woord "*strewe/inspan*" wat as opdrag in ons teks staan, klink in Grieks net soos 'n Engelse woord *agonizo*... Kan jy die Engelse woord vind?

Kan jy self die betekenis van daardie opdrag uitwerk? Wat moet christene doen om in te gaan in die koninkryk waarvoor Christus vir hulle die toegangkaartjie betaal het?

Waar, dink jy, is vandag se '*hervorming*' dan die dringendste nodig?

SONDAGAAND 18:00

As die HERE God is, volg Hom!

Skriflesing:

1 Konings 18:20-40
(2020)

Teksvers:

1 Konings 18: 21,
36-37

HK: Sondag 34

Sing:

Ps 95:1,2

Ps 94:1,2,6

Sb 2-5:1,2,3

Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Koning Agab was 'n deugniet en sy vrou, koningin Isebel het die hart van die volk verlei agter Baäl aan. Isebel het Baälprofete ingevoer en die profeteseuns uitgeroei, met die gevolg dat afgodery aan die orde van die dag was.

Tog het Elia behoue gebly. Hy was maar een man teen soveel oormag, maar dit maak nie saak nie, want Elia is getrou aan God terwyl die volk verval in afgodery.

Daarom die pleidooi: *As die HERE God is, volg Hom, en as dit Baäl is, volg hom...* Maar geen mens kan twee here dien nie.

Hoe lank sal jy op twee gedagtes hink?